Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 7/5/2021

PERSONEELSAKE

Ons groet twee personeellede:
Me. Kempen: Sy was 19 jaar betrokke by ons skool. Me Kempen tree af en ons groet dus 'n yster-Wonnie-vrou. Dankie vir u insette by die skool en ook in die vak RTT.
Me Claassen: Sy was 13 jaar betrokke by ons skool. Me Claassen gaan haar eie besigheid bedryf. Dankie juffrou vir jou liefde vir dans wat jy met soveel passie aan ons leerders oorgedra het.
Ons verwelkom ook me. R van der Westhuizen vir Afrikaans (Gr 10-11) en me M Loots wie die gimnasium en kondisionering van leerders op sportgebied gaan hanteer.

WINTERSDRAG

Alle leerders moet nou volgens korrekte, volledige wintersdrag geklee wees. Ons besef dat dit in die oggende lekker koud kan word. Ons vra u egter dat leerders nie gedurende die dag met enige komberse, musse, warmwatersakke ens. op die terrein moet wees nie. Leerders kan binne die terrein, voor skool, as hul vroeg by die skool afgelaai word onder hul kombers sit. Hierna moet dit egter weggepak word en normale skooluniform word gedra.

RAPPORTE EN OUERAANDE

Leerders ontvang **rapporte** op **13 Mei**. Die **oueraande** volg op **18 Mei vir Graad 8,10,12** en op **20 Mei vir Gr 9 en 11**. Die oueraande gaan op 'n besprekingstelsel werk omdat die Covid-19 regulasies nagekom moet word.
Die oueraande is verleng – vanaf 17:00-20:00 om u juis die geleentheid te gee om oor u kind se akademiese vordering te kom gesels.

Bespreek dus asseblief vroegtydig u plek!

BUSSIEVERVOER

Die Beheerliggaam is besig om 'n opname te maak om die behoefte na bussievervoer te bepaal. Ons wil ook vasstel of daar leerders is wie nie aan buitemuurse aktiwiteite kan deelneem nie a.g.v. vervoeruitdagings. Indien die behoefte dit regverdig, sal vervoer teen 'n billike koste oorweeg word. Klik asb. op die skakel, KLIK HIER, en voltooi die vraelys indien u sou belangstel om van hierdie diens gebruik te maak. Leerders wat wel deelneem aan aktiwiteite, maar wie se ouers uitdagings ervaar met vervoer kan ook die vraelys voltooi.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

AKTIWITEITE VIR TWEEDE KWARTAAL

Graag wil ons leerders die geleentheid bied om aan verskillende aktiwiteite deel te neem. Dit blyk egter asof leerders nie altyd seker is watter aktiwiteite beskikbaar is nie. Aangeheg is die aktiwiteite vir die kwartaal, die personeel betrokke en die klas. Die leerders kan gerus dié personeel nader om meer oor die aktiwiteit uit te vind.

AKTIWITEIT	PERSONEELLID	KLASKAMER
REDENAARS	Me. T Jacobs	O7
FIETSRY	Me. M van Eeden Me. E Jacobsz Me. J Karsten	O17 F18 O61
LANDLOOP	Me. M Bouwer	F6
JUKSKEI	Me. R Steyn	O15
RUGBY	Mnr. W Jansen v Rensburg	O24
NETBAL	Me. E van Niekerk	O37
FOTOGRAFIE	Me. T Gericke	F1
WONNIE IDOLS	Me. V Rheeder	F9
VELDTEIKENSKIET	Me. N van Heerden	F10

MNR. M LEZAR
SKOOLHOOF

ADVERTENSIE: